



13 DESEMBER 2020

# TORINGKERK


*nuus*

## *Geseënde* FEESTYD

AAN ONS TORINGKERK-FAMILIE



**KOM TUIS**



## TORINGKERK IS AANLYN

Ons is ook op Youtube! Gaan loer na ons Youtube kanaal "Toringkerk Aanlyn". Druk "Subscribe" om ons weeklikse lewendige kerkuitsendings te kyk.

Stuur 'n epos aan Jana (jana@toringkerk.co.za) indien jy nie die weeklikse inligting per epos of Whatsapp ontvang nie.

## ONTHOU JOU MASKER!

Ons wil graag alle lidmate aanmoedig om ten alle tye maskers te dra en afstand te behou met diegene buite ons gesinne.

Tydens eredienste vra ons dat almal ten alle tye hulle maskers aanhou en saniteer by die ingangdeure.





13 DESEMBER 2020

# TORINGKERK

nuus

Liewe Toringkerk Familie,

Aan die einde van 'n ongewone jaar waar ons ver uitdaag is bo enige verwagtinge is ons as gemeenteraad dankbaar. Ons is dankbaar vir toegewyde personeel wat dwarsdeur al die hoepels van 2020 gespring het – geen uitdaging was te groot nie en ons kan net ons lof uitspreek oor elkeen se ywer gedurende moeiliker en makliker tye van die jaar.

Dankie dat julle altyd 'n glimlag op julle gesig het en dankie dat julle deurentyd so aanpasbaar is! Ons is bevoorreg om so 'n span te hê! Ons leraars het oornag in regisseurs en akteurs verander sonder om 'n sweetjie te breek! Ons is dankbaar vir elke oomblik tydens ons eredienste, maar veral ook in die sitkamers, langs die siekbedens en langs families wat geliefdes aan die dood afgestaan het. Dankie vir julle empatie en sorg gedurende 2020 – ons waardeer die passie en energie waarmee julle bediening doen. Baie dankie vir julle leiding hierdie jaar.

Veral omdat dit 'n moeilike jaar was het ons opgekyk na ons geestelike leiers. Ons is dankbaar vir toegewyde lidmate wat met soveel energie verantwoordelik neem vir 'n klomp werk wat in ons gemeente gebeur – absoluut vrywillig! Ons salueer julle – ons weet ons kan nie bediening doen sonder dat julle roeping gestalte kry in Sy gemeente nie.

Vir elke lidmaat wat in 2020 bly vashou het aan die gemeente – ons is dankbaar vir elke liewe een. Dankie vir passie en ywer met die mini-markietie, jou bydrae in ongekende tye, jou boodskap aan TK-Familie! Vir elke peuter, kleuter, nog-nie tiener, tiener en jongvolwassene – hierdie jaar het anders gelyk as wat ons aan gewoond is – baie dankie dat jy steeds deel is!

Dankie vir elke familie se volgehoue finansiële ondersteuning in 2020 – ons staan verstom om die Diep en Vêr projek en die verskil wat dit in ons plaaslike gemeenskap maak – dankie. Dit is vir ons 'n voorreg om aan die einde van die jaar te weet ons familie hou mekaar styf vas, selfs al is dit nie hierdie jaar fiesies moontlik nie. Kom ons bly mekaar in gebid opdrae ons Vader wat vir elkeen van ons sorg. Mag ons Herder ons gemeente steeds bly lei.

Ons wil jou uitnoui om in 2021 aan ons tafel te kom aansit – nes jy is – bring jou gawes en talente en kom bid, sien en deel saam in die Koninkryk! Ons sien met 'n verwagting uit na die werk wat ons Here voortsit in ons gemeente en in ons familie se lewens.

Geseënde kersfees,

Dawfré & Gert

Namens die Gemeenteraad van Toringkerk



13 DESEMBER 2020

# TORINGKERK

## nuus

Liewe Lidmaat

Die dagbestuur van die gemeenteraad het vandeesweek gesels. Hier aan die einde van die jaar wil ons graag ons lidmate aanmoedig om sensitief te wees vir stygende getalle. Wees verantwoordelik veral met die mense waarvoor jy die liefste is rondom jou.

Wanneer u die eredienste bywoon wil ons u graag aanmoedig om ten alle tye u maskers te dra en nie onnodige kontak met ander lidmate te hê nie. Hou ook asb. 'n veilige afstand.

Ons het as respons op die stygende getalle en toename in gevalle besluit om alle byeenkomste buiten eredienste vir eers uit te stel. Ons doen dit met 'n versigting en sensitiwiteit.

Mag die Koning van die heelal in hierdie adventstyd jou herinner aan die vreugde, hoop, vrede en liefde wat hy vir jou 'n realiteit maak, in besonder ook in die Kersfeestyd.

Reis veilig, indien julle reis, tot ons mekaar weer sien.

Kersfees groete,  
Leraars, personeel & gemeenteraad

### **KERSSANGDIENS SLEGS AANLYN BESKIKBAAR**

Die Kerssangdiens sal slegs aanlyn beskikbaar gemaak word vanaf Sondagaand 18:30. DigiTV kuier by ons en sal die "link" beskikbaar maak sodat jy die diens in die gemak van jou huis kan kyk. Die besluit is geneem op stygende Covid gevalle en dat Toringkerk verantwoordelike besluitneming wil neem voor die fees seisoen.

### **EREDIENSTE TYDENS DIE VAKANSIE**

Eredienste tydens die vakansietyd gaan voort soos normaal. Vanaf 20 Desember sal slegs die hoof deur van die kerkgebou oop wees, sodat die COVID protokol steeds toegepas kan word.



### **VERSIERINGS VIR ONS KERSBOOM!**

Jy is welkom om voor in die kerk 'n kersfeesbal te gaan haal. Neem dit huis toe en versier dit soos wat jy wil.

Bring dit dan weer kerk toe en kom hang dit aan die boom in die liturgiese ruimte. Dit is vir oud en jonk!

## ADVENT

Die kerklike jaar word ingelei met Advent – die vier Sondae voor Kersfees. Hierdie is 'n tyd van afwagting. Ons wag op die koms van Christus na die wêreld. Natuurlik het Jesus reeds gekom, maar hierdie is 'n tyd waarin ons met 'n nuwe verwagting wag op die Here: om Hom weer in ons eie lewens raak te sien en saam te sug met die wêreld en die aarde wat Hom só nodig het. Ons vier sy koms as die Een wat inbreek in hierdie gebroke wêreld en hoop bring.

As julle gesin nog nie 'n Advent-krans gemaak het nie, is hierdie 'n lekker gesinsaktiwiteit. Vleg met takkies uit die tuin 'n krans en plaas 'n kers vir elke Sondag binne in die krans wat julle dan weekliks kan aansteek.

Hier is ook lekker aktiwiteite en gespreksvrae wat julle as gesin kan doen, tot en met die Kerstyd:

### ADVENT 3: KERS VAN VREUGDE

Rom 15:13 - Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, en mag die hoop al hoe sterker word deur die krag van die Heilige Gees.

Daar het vanjaar 'n klomp goed in die wêreld gebeur wat hartseer gebring het – die teenoorgestelde van blydschap. Dis soms goed om oor dié dinge na te dink. Wat is dit wat julle gesin hierdie jaar hartseer gemaak het?

Vreugde is nie afhanklik van wat om ons of met ons gebeur nie. Vreugde kry ons as ons naby die Bron leef, uit die Bron leef. Wat het dit vir jou of julle gesin beteken om in die jaar te weet: Die Here is by ons?



## ADVENT 4: KERS VAN LIEFDE

1 Joh 4:13 Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons.

Wat gebeur wanneer ons mekaar liefhet?

In 'n tyd waar mense maklik kon vra: Maar waar is God dan? is ons verantwoordelikheid nog groter om lief te hê, sodat God sigbaar kan word. Sê vir mekaar hoe julle gesin praktiese liefdeswerk in die tyd kan doen en besluit wanneer dit gaan gebeur.

## KERSFEES: WIT KES IN DIE MIDDEL/CHRISTUSKERS

Luk 2: 1-20 Laat iemand die Kersverhaal lees

Sing saam:

Al was ek nie daar nie (Lied 355)

Stille nag (Lied 348)

Gesels:

Sê hoekom ons vir mekaar geskenke gee

Laat elkeen 'n klippie kom neersit by die Kersboom en sê waarvoor julle dankbaar is vir die jaar wat verby is.

Laat iemand afsluit met gebed.





## **KERSFEESPARTYTJIE MET HUIS ARISTEA!**

Verlede Sondag op die tweede Sondag van advent, kon ons die vrede waarvan Jesus praat, so tasbaar ervaar.

Ons het die voorreg gehad om saam met die dogters van Huis Aristeia 'n wonderlike vroeë Kersfeespartytjie te hou. Daar was soveel vreugde in die slippery slide, die build-a-burger, die geskenkies, die speletjies, die swem en die saam-wees so tussen die mooie berge.

'n Ongelooflike spesiale dankie aan Elizmari Liebenberg, Karien en Hennie (asook Katryn en Lukas wat kom saam speel het!), Chrisna en Piet (Nicolas en Annabelle, julle ook!), Christine en Eddie, Juli, Elizmari Sieberhagen, Christine Basson en Herman. Dankie dat julle die ekstra myl loop en dit nie soos moeite laat lyk nie.

Die mooi harte van julle elkeen wat iets gegee het en iets van hulself gegee het om hierdie dag moontlik te maak, maak dankbaarheid 'n "understatement". Welkom o stille nag (dag) van vrede. Ons sien uit vir Kersfees!

KruisConnect - Afsluiting

# MOVIE NIGHT!

## UITGESKUIF!



As gevolg van die vinnige stygende getalle in COVID, wil ons klein spasies sover moontlik vir eers vermy.

### Ons skuif UIT en nie AF nie!

Geniet die vakansie en die welverdiende ruskeans!

#### **BADISA SE AANLYN KERSBOOM!**

Die feestyd is 'n tyd om dankbaar te wees, en watter beter manier om die gevoel te deel as om 'n organisasie te ondersteun wat die afgelope jaar 553 665 mense se lewens beïnvloed het.

Koop 'n virtuele Kersversiering vir slegs R50 en help BADISA om hul virtuele boom te versier. Stuur u bewys van betaling, tesame met jou naam en van of maatskappy se naam na [bemaking@badisa.org.za](mailto:bemaking@badisa.org.za).

Bank:  
ABSA Rekeningnr .: 405 720 4463,  
Rekeningtipe: Tjekrekening,  
Verwysing: Donasie en Naam

Besoek hul aanlyn boom by:  
<https://badisa.org.za/badisa-christmas-project/>



# DIEP & VÊR

KOSVOORSIENING AAN 44 GESINNE

HOE KAN JY BETROKKE RAAK?

## OPSIE 1

JY KAN KOS ITEMS AANKOOP EN DIT BY DIE KANTOOR KOM AFGEE.



'CANNED FISH'  
'SOYA MINCE'  
'PEAS/LENTILS'  
'BAKED BEANS'  
'MAIZE MEAL'  
MEEL

MELK (LANG LEWE)  
OLIE  
'PEANUT BUTTER'  
'CANNED MIXED  
VEG'  
'YEAST'  
RYS



## OPSIE 2

JY KAN 'N FINANSIELE BYDRAE MAAK. BETAAL DIREK IN DIE KERK SE REKENING IN MET DIE VERWYSING: "DIEP & VER"

## OPSIE 3

JY KAN OP 'N MAANDELIKSE BASIS KOM HELP KOSPAKKIES PAK. KONTAK VIR JANNEKE.

## OPSIE 4

JY KAN SAAM MET ONS BID VIR DIE GESINNE WAT HIERDIE KOSPAKKIES ONTVANG.



# BRING JOU KOSITEMS KERK TOE!



(DIE MANDJIE STAAN VOOR IN DIE KERK)

## NEEM KENNIS!

Ryno is met verlof vanaf 15 Desember tot 5 Januarie. Janneke is met verlof vanaf 21 Desember tot 3 Januarie. Die kerkkantoor sal tussen 17-18 Desember, asook vanaf 23 Desember tot 10 Januarie gesluit wees. Kontak gerus vir Jana gedurende hierdie tyd.



## ONS GROET VIR JOHAN EN AGNES

Dit is met die grootste hartseer wat ons vir Johan en Agnes moet groet! Ons het soveel dankbaarheid in ons harte (en in ons ore) vir julle ongelooflike bydrae by Toringkerk se musiekbediening. Dankie dat julle ons wys hoe mens die Here kan dien met die gawes wat vir julle gegee is.

Toringkerk is vir ewig geraak deur julle teenwoordigheid en die vier mure gaan die wonderlike musiek mis wat julle gemaak het. Mag julle volgende hoofstuk nuwe vreugdes en nuwe verrassings inhou en mag julle elke oomblik van die pad geniet en bewus wees van die Here se genade en teenwoordigheid. Ons is lief vir julle en gaan julle oneindig baie mis!

VOEL JY DALK GEROEP OM BETROKKE TE RAAK BY ONS

# JEUGBEDIENING?

VAT DIE KANS, WEES BRAAF EN GEE JOU NAAM OP! ONS BENODIG JOU GAWES EN TALENTE OM DEEL TE VORM VAN HIERDIE BEDIENING!

## HOE WERK DIT?



### KINDERKLEINGROEPE (5JR - GRAAD 6'S)

OP SONDAE OGGENDE TYDENS DIE EREDIENS BEWEEG DIE KINDERS OOR NA DIE KLEIN TORING SAAL (ONDERSTE KERKSAAL), WAAR ONS DAN IN KLEINER GROEPE VERDEEL OM SAAM TE GESELS EN AKTIWITEITE TE DOEN WAT ONS HELP OM VIR JESUS EN DIE BYBEL BETER TE LEER KEN. GEWOONLIK WERK ONS OP 'N ROTASIEBASIS, DUS SAL JY SLEGS ELKE 3DE WEEK AAN DIENS WEES EN DUS NIE ELKE SONDAG SE EREDIENS IN DIE KERK MISLOOP NIE!

### TIENERS (GRAAD 8'S)

OP DINSDAE AANDE HOU ONS TIENERDIENS VIR DIE GRAAD 8'S VAN GIM SE KOSHUIS (HUIS KALAHARI VISSER). HIERDIE DIENSTE GEBEUR SLEGS TYDENS DIE SKOOLKWARTAAL EN WISSEL TUSSEN 30MIN EN 60MIN OP 'N SLAG. JY SAL DAN GROEOPLEIER WEES VAN JOU EIE GROEPIE, WAAR ONS SAAM GESELS, VRAE VRA EN DINK OOR JESUS!

VIR MEER  
INLIGTING,  
KONTAK VIR  
JANNEKE



# Toringkerk Top 10

Soek jy iets om te kyk, lees of luister die vakansie?

Hier is ons voorstelle!

## Top 10-liedjies

1. Bastille – Joy
2. Riaan Benade – Spontaan
3. Mountain – Strahan
4. Banks – Needtobreathe
5. Craig Lucas – Happy
6. Jeremy Loops – ‘Till I found you
7. Freshly Ground – You be You
8. Jesse Clegg – Use Me
9. Johnny Clegg – Great Heart
10. Koos Kombuis – Lisa se Klavier

## Top 10-boeke

1. The Alchemist – Paulo Coelho
2. The Outsiders – William Thorndike
3. The Innovator's Dilemma – Clayton Christensen
4. Play the man – Mark Batterson
5. How to lead when your not in charge – Clay Scroggins
6. Kry Styl – Jesus s'n – Stephan Joubert
7. Never split the difference – Chris Voss
8. Cilka's Journey – Heather Morris
9. Man's Search for Meaning – Viktor E. Frankl
10. The Choice – Edith Eger

## Top 10-flieks

1. Social Dilemma
2. The Holiday
3. Friends
4. Queen's Gambit
5. The Crown
6. Big Bang Theory
7. Bull
8. Shooter
9. Our Planet
10. The Two Popes





# Dagboek DIE DATUM



**13**  
DES.

KERSSANGDIENS  
Toringkerk | 18:30



**25**  
DES.

KERSDIENS  
Toringkerk | 08:00



**31**  
DES.

NUWEJAAR  
1) Nagmaal & Stilworddiens |  
18h-19h (Kerkgebou)  
2) Aanlyndiens vanaf 18h00  
besikbaar op Youtube



**31**  
JAN.

WELKOM TERUG!  
Toringkerk | 09:00

Hou die afkondigings en sosiale media dop vir meer inligting.

**BID . SIEN . DEEL**

# GESONDE GEDAGTES

LAG DIS 'N OPDRAG!  
DEUR STEPHAN JOUBERT



Jordin Sparks skryf iewers: "If I don't laugh at least 20 times a day, it hasn't been a good day." Baie mense sal dadelik sê dit is naïef. Nogtans kry die meeste volwassenes dit sonder veel inspanning reg om 20 keer per dag te kla, te bekommer, of negatief te praat. In 'n nuwe boek oor die impak van humor ("Humour, Seriously", 2020) verwys Jennifer Aaker en Naomi Bagdonas juis na navorsing wat bevind dat vierjariges sowat 300 keer per dag lag, terwyl dit veertigjarige 'n volle tien weke neem om 300 keer te lag.

Vir volwassenes is die lewe ernstige sake. Waag jy dit om bly te wees, is jy onrealisties of naïef. Waag jy dit om te sê Corona-tyd is ook 'n tyd van vreugde, is jy uit voeling met die realiteit. In my kinderdae was dit boonop taboe om in die kerk te lag. Ons moes ons lagtande by die kerkdeure agterlaat. Ek onthou ek het een keer begin giggel toe 'n groot veer uit 'n tannie, wat voor ons gesit het, se grênd hoed geval het. Toe is ons omtrent uitgekyk. Terwyl my ma verleë groot oë vir my trek, het een tannie haar tong geklap en haar kop verontwaardig geskud. Gelukkig het ek later darem Marten Luther se opmerking raakgelees dat God definitief 'n humorsin het, want Hy het mense soos ons geskep. Ook het Luther gesê dat as daar nie humor in die hemel is nie, dan wil hy nie eintlik soontoe gaan nie. Vreugde is 'n Bybelse opdrag. Dit is 'n Goddelike moet! Vreugde te midde van al die swaar en seer, wat die lewe soms na ons kant toe aangee, is nie onmoontlik nie. Dit is juis God se alternatiewe pad vir sy kinders. Vreugde groei uit die besef dat ons 'n Hemelse Vader het wat vir ons sorg. Dit groei uit die besef dat elke haar op ons kop getel is en dat ons die Here met ons hele lewe kan vertrou. Lag meer. Lag saam. Lag aansteeklik. Lag uit jou maag en uit jou hart. Lag die pyn uit die pad.

## TORINGKERK *verjaarsdae*

13/12 Johann Behm  
13/12 Marius Coetzee  
13/12 Marius Horne  
13/12 Gretchen Klue  
13/12 Joubert la Grange  
14/12 Andre de Villiers  
14/12 Milla Du Toit  
15/12 Mechiël Bester  
15/12 Hestie Geldenhuys  
15/12 Anton Olivier  
15/12 Tertius Troost  
16/12 Milandi Bester

18/12 Jakkals Bredenhann  
18/12 Dutch Nortjé  
18/12 Elizna Pienaar  
18/12 Eloise van der Vyver  
18/12 Kobus van der Vyver  
18/12 Ludwig van Wyk  
18/12 Kian Verwey  
19/12 Beatrix Beukes  
19/12 Claudette Blom  
19/12 Herman Kroff  
19/12 Ruben Marais



13 DESEMBER 2020

# TORINGKERK

*nuus*



TORINGKERK ZAPPER



## BID | SIEN | DEEL

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:



OFFERGAWES, MAANDELIKSE  
BYDRAE EN TIENDES:

TORINGKERK  
ABSA  
TAKKODE: 632 005  
REK NR: 400 590 176



## MAAK KONTAK MET ONS

AS JY MET 'N LERAAR WIL GESELS, KONTAK ONS GERUS.

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 |  
ryno@toringkerk.co.za

### JEUG/MAATSKAPLIK

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 |  
marionell2@gmail.com

### KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 |  
dawfre@fhbc.co.za